

# OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

10c

Tuesday 1 March 1977

WINDHOEK

Dinsdag 1 Maart 1977

No. 3597

Page/Bladsy

## CONTENTS:

### PROCLAMATIONS:

- No. 4 Proclamation of Farm Road as a Building Restriction Road: District of Mariental . . . .

### GOVERNMENT NOTICES:

- No. 85 Model Regulations for Municipal Public Libraries . . . . .
- No. 86 Price Control: Maximum Prices of Fertilizer . . . . .
- No. 87 Peri-Urban Development Board: Regulations on the Removal of Nightsoil-, Refuse and Slopwater . . . . .
- No. 88 Peri-Urban Development Board: Regulations on Electricity Supply: Kamanjab . . . . .
- No. 89 Peri-Urban Development Board: Water Supply Regulations . . . . .
- No. 90 Notification of a Request that a Portion of Farm Road be Closed and that a Road be Declared a Proclaimed Farm Road: District of Rehoboth . . . . .
- No. 91 Closing of Farm Road: District of Okahandja . . . . .
- No. 92 Closing of Farm Road and Proclamation and Classification of a Road: District of Gobabis . . . . .
- No. 93 Closing of District Road and Proclamation and Classification of a Road: District of Karibib . . . . .
- No. 94 Notification of a Proposal that a Road be Proclaimed on Land where no Road Previously Existed: Magisterial District of Windhoek . . . . .
- No. 95 Closing of Farm Road and Proclamation and Classification of a Road: District of Keetmanshoop . . . . .
- No. 96 Notification of an Application that a Road be Proclaimed on Land where no Road Previously Existed: District of Rehoboth . . . . .
- No. 97 Notification of an Application that a District Road be Closed; that Portions of District Roads be Closed and that a Road be declared a Proclaimed Road: Magisterial District of Okahandja . . . . .

## INHOUD:

### PROKLAMASIES:

- No. 4 Proklamering van Plaaspad as 'n Boubeperkingspad: Distrik Mariental . . . . . 185

### GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:

- No. 85 Modelregulasies vir Munisipale Openbare Biblioteke . . . . . 186
- No. 86 Prysbeheer: Maksimum Pryse van Kunsmis . . . . . 201
- No. 87 Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling: Regulasies op Nagvuil-, Afval- en Vuilwaterverwydering . . . . . 205
- No. 88 Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling: Regulasies op Elektriesiteitsverskaffing . . . . . 206
- No. 89 Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling: Regulasies op Waterlewering . . . . . 207
- No. 90 Bekendmaking van 'n Versoek dat 'n Gedeelte van 'n Plaaspad Gesluit word en 'n Pad tot Geproklameerde Plaaspad Verklaar word: Distrik Rehoboth . . . . . 207
- No. 91 Sluiting van 'n Plaaspad: Distrik Okahandja . . . . . 208
- No. 92 Sluiting van 'n Plaaspad en Proklamering en Klassifisering van 'n Pad: Distrik Gobabis . . . . . 208
- No. 93 Sluiting van 'n Distrikspad en Proklamering van 'n Pad: Distrik Karibib . . . . . 209
- No. 94 Bekendmaking van 'n Voorstel dat 'n Pad Geproklameer word oor Grond waar Voorheen geen Pad Bestaan het nie: Landdrosdistrik Windhoek . . . . . 210
- No. 95 Sluiting van 'n Plaaspad en Proklamering en Klassifisering van 'n Pad: Distrik Keetmanshoop . . . . . 211
- No. 96 Bekendmaking van 'n Aansoek dat 'n Pad Geproklameer word oor Grond waar Voorheen geen Pad Bestaan het nie: Distrik Rehoboth . . . . . 211
- No. 97 Bekendmaking van 'n Aansoek dat 'n Distrikspad Gesluit word en dat 'n Pad tot Geproklameerde Pad Verklaar word: Landdrosdistrik Okahandja . . . . . 212

No. 98	Closing of District Road and Proclamation and Classification of a Road: District of Rehoboth	No. 98	Sluiting van 'n Distrikspad en Proklamerings en Klassifisering van 'n Pad: Distrik Rehoboth	214
No. 99	Notification of a Request that a Farm Road be Closed: District of Mariental	No. 99	Bekendmaking van 'n Versoek dat 'n Plaaspad Gesluit word: Distrik Mariental	215
No. 100	Notification of a Request that a Farm Road be Closed: District of Mariental	No. 100	Bekendmaking van 'n Versoek dat 'n Plaaspad Gesluit word: Distrik Mariental	216
No. 101	Notification of a Request that a District Road be Closed; a Road be Proclaimed on Land where no Road Previously Existed and a Road be Declared a Proclaimed Road: District of Mariental	No. 101	Bekendmaking van 'n Versoek dat 'n Distrikspad Gesluit word; 'n Pad Geproklameer word oor Grond waar voorheen geen Pad Bestaan het nie en 'n Pad tot Geproklameerde Pad Verklaar word: Distrik Mariental	217
No. 102	Native Housing Levy and Contributions Ordinance: Municipality of Karasburg	No. 102	Ordonnansie Insake Heffings en Bydraes vir Inboorlingbehuising: Munisipaliteit van Karasburg	218
No. R.166	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/454)	No. R.166	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/454)	218
No. R.225	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/455)	No. R.225	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/455)	219
No. R.226	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/456)	No. R.226	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/456)	220
No. R.227	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/457)	No. R.227	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/457)	220
No. R.228	(Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 3 (No. 3/493)	No. R.228	(Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 3 (No. 3/493)	221
No. 237	(Republic) Official Harbour Tariff Book (19th Edition) Clause 10.5(a): Amendment	No. 237	(Republiek) Offisiële Hawetariefboek (19de Uitgawe) Klousule 10.5(a): Wysiging	222

**GENERAL NOTICES:**

- No. 3 Notice to have Area Declared a Private Game Park/Nature Reserve: Mr. G. J. Koekemoer

**ADVERTISEMENTS:****ALGEMENE KENNISGEWINGS:**

- No. 3 Aansoek om Gebied tot 'n Private Wildtuin/Natuurreserwe te laat Verklaar: mnr. G. J. Koekemoer

**ADVERTENSIES:****PROCLAMATION**

BY THE HONOURABLE BAREND JOHANNES VAN DER WALT, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA

No. 4 of 1977]

PROCLAMATION OF FARM ROAD 1204 AS A BUILDING RESTRICTION ROAD : DISTRICT OF MARIENTAL

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 7(1) of the Advertising on Roads and Ribbon Development Ordinance, 1960 (Ordinance 30 of 1960) as amended, proclaimed the public road which, by Government Notice 262 of 15 December 1973 was proclaimed, defined and declared to be a farm road (number 1204) as a building restriction road.

**PROKLAMASIE**

DEUR SY EDELE BAREND JOHANNES VAN DER WALT, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA

No. 4 van 1977]

PROKLAMERING VAN PLAASPAD 1204 AS 'N BOUBEPERKINGSPAD : DISTRIK MARIENTAL

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 7(1) van die Ordonnansie op Adverteer langs, en Toe bou van Paaie, 1960 (Ordonnansie 30 van 1960) soos gewysig, die publieke pad wat by Goewermentskennisgewing 262 van 15 Desember 1973 geproklameer, beskryf en tot plaaspad (nommer 1204) verklaar is, tot 'n boubeperkingspad geproklameer.

Given under my hand and seal in WINDHOEK on this the 14th day of February, 1977.

B. J. VAN DER WALT,  
*Administrator*

Gegee onder my hand en seël in WINDHOEK op hierdie 14de dag van FEBRUARIE 1977.

B. J. VAN DER WALT,  
*Administrateur*

## Government Notices

The following Government Notices are published for general information.

H. P. F. GOUS,  
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,  
Windhoek.

### SCHEDULE

No. 85] [1 March 1977

#### MODEL REGULATIONS FOR MUNICIPAL PUBLIC LIBRARIES

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 244 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) made the following regulations:

#### 1. DEFINITIONS

In these regulations, unless the context indicates otherwise -

“request card” means a card in the form set out in Schedule 1;

“reservation card” means a card in the form set out in Schedule 2;

“library” means the municipal public library established under the provisions of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) and admitted to the Service under section 5(a) of the South West Africa Library Service Ordinance, 1968 (Ordinance 15 of 1968);

“library officer” means the officer or his deputy appointed by the municipality for the exercise of control over and management of the library;

“library facilities” includes “library material”;

“library material” means books, periodicals, pamphlets, pictures, maps, films, records and similar material usually organised and made available to users of libraries, by libraries;

## Goewermentskennisgewings

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

H. P. F. GOUS,  
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,  
Windhoek.

### BYLAE

No. 85] [1 Maart 1977

#### MODELREGULASIES VIR MUNISIPALE OPENBARE BIBLIOTEKE.

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 244 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die onderstaande regulasies gemaak:

#### 1. WOORDBEPALING

In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken -

“aanvraagkaart” ’n kaart in die vorm uiteengesit in Bylae 1;

“reserveringskaart” ’n kaart in die vorm uiteengesit in Bylae 2;

“biblioteek”, die munisipale openbare biblioteek wat ingevolge die bepalings van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) ingestel is en ingevolge artikel 5(a) van die Ordonnansie op die Biblioteekdiens vir Suidwes-Afrika 1968 (Ordonnansie 15 van 1968) tot die Diens toegelaat is;

“biblioteekbeampte”, die beampte of sy plaasvervanger wat deur die munisipaliteit aangestel is vir die uitoefening van beheer oor en bestuur van die biblioteek;

“biblioteekfasiliteite”, ook “biblioteekmateriaal”;

“biblioteekmateriaal”, boeke tydskrifte, pamflette, prente, kaarte, films, plate en soortgelyke materiaal wat gewoonlik deur biblioteke georganiseer en ter beskikking van gebruikers van biblioteke gestel word;

“Service” means the South West Africa Library Service established by section 2 of the South West Africa Library Service Ordinance, 1968 (Ordinance 15 of 1968);

“borrower” means any person registered as a borrower under regulation 2 and includes the following categories:

- (a) outside borrowers, that is persons who reside outside the municipal area in which the library is situated, who do not own immovable property within such municipal area and who are not already registered elsewhere as borrowers or who cannot with reasonable convenience make use of other library facilities under the Service;
- (b) junior borrowers, that is pre-school or school-going children under the age of sixteen years;
- (c) permanent borrowers, that is persons who reside within the municipal area in which the library is situated, or who live outside it, but own immovable property in it;
- (d) temporary borrowers, that is persons who are temporarily within the municipal area in which the library is situated; and
- (e) adult borrowers, that is persons sixteen years old and older;

“Ordinance” means the South West Africa Library Service Ordinance, 1968 (Ordinance 15 of 1968);

“municipal area” means the area of jurisdiction of the municipality;

“due date” means the date on which the loan period of an item of library material expires.

## 2. REGISTRATION OF BORROWERS

- (1) Any person who wishes to be registered may apply therefor by filling in his surname, full Christian names, postal and residential address, work and home telephone numbers and the name and address of a referee, that is the name and address of a person who knows the applicant well and of whom the library officer may make enquires about the applicant, on the form set out in Schedule 3, by dating and signing it and submitting it to the library officer: Provided that any application by a pre-school or school-going child under the age of sixteen years shall be signed by the parent or guardian of such child, who in so doing accepts responsibility for compliance by the child with these regulations.

“Diens”, die by artikel 2 van die Ordonnansie op die Biblioteekdiens vir Suidwes-Afrika 1968 (Ordonnansie 15 van 1968) ingestelde Biblioteekdiens vir Suidwes-Afrika;

“Lener”, iedereen wat ingevolge regulasie 2 as lener geregistreer is en omvat die volgende kategorieë:

- (a) buiteleners, dit wil sê persone wat buite die munisipale gebied waarin die biblioteek geleë is woon, nie onroerende eiendom binne bedoelde munisipale gebied besit nie en nie reeds elders as lener geregistreer is of met redelike gerief van ander biblioteekfasiliteite onder die Diens gebruik kan maak nie;
- (b) junior leners, dit wil sê voorskoolse of skoolgaande kinders onder die ouderdom van sestien jaar;
- (c) permanente leners, dit wil sê persone wat binne die munisipale gebied waarin die biblioteek geleë is woon of wat daarbuite woon, maar onroerende eiendom daarbinne besit;
- (d) tydelike leners, dit wil sê persone wat tydelik binne die munisipale gebied waarin die biblioteek geleë is, vertoef; en
- (e) volwasse leners, dit wil sê persone van sestien jaar oud en ouer;

“Ordonnansie”, die Ordonnansie op die Biblioteekdiens vir Suidwes-Afrika 1968 (Ordonnansie 15 van 1968);

“munisipale gebied” die regsgebied van die munisipaliteit;

“vervaldatum”, die datum waarop die leentydperk van ’n item biblioteekmateriaal verstryk.

## 2. REGISTRASIE VAN LENERS

- (1) Iemand wat as lener wil registreer doen daarom aansoek deur sy van, volle voornamae, pos- en woonadresse, werk- en huistelefoonnommers en ’n verwysingsnaam en -adres, dit wil sê die naam en adres van ’n versoer aan wie die applikant goed bekend is en by wie die biblioteekbeampte aangaande die applikant navraag kan doen, op die vorm uiteengesit in Bylae 3 in te vul, dit te dateer en te onderteken en by die biblioteekbeampte in te dien: Met dien verstande dat ’n aansoek van ’n voorskoolse of skoolgaande kind onder die ouderdom van sestien jaar onderteken moet word deur die ouer of voog van sodanige kind, wat sodoende aanspreeklikheid aanvaar vir die nakoming van hierdie regulasies deur sodanige kind.

- (2) A junior borrower may apply for registration as an adult borrower as soon as he has reached the age of sixteen years.
- (3) Any person applying for registration as temporary borrower may be registered as such, provided he -
- (a) undertakes to comply with these regulations; and
- (b) deposits an amount of three rand with the library officer to be paid back to him when he returns library material lent to him, on the condition that he has paid outstanding fines or compensation in respect of damaged library material (if any) payable by him under these regulations.
- (4) Any person applying for registration as outside borrower may be registered as such, provided he
- (a) undertakes to comply with these regulations; and
- (b) pays to the library officer a once only registration fee of two rand, which shall not be repayable.
- (5) After the library officer has checked the completed application form for registration and has found it correctly and fully completed, he shall register the applicant as a borrower: Provided that the library officer shall so register a person who has previously been guilty of a contravention of these regulations only with the approval of the town clerk of that municipality.
- (6) Subject to the provisions of subregulations (3) and (4) all registrations shall be free of charge.
- (7) When the library officer registers a person as a borrower, he shall issue to such borrower three borrower's cards in the form set out in Schedule 4, two for fiction and one for non-fiction, each of which shall serve as proof that the borrower is authorised to borrow an item of library material in terms of the provisions of these regulations: Provided that the library officer shall issue to a junior borrower only two borrower's cards, for either fiction or non-fiction, or both.
- (8) (a) Every registration as borrower shall remain valid subject to the provisions of paragraph (b) and subregulation (9) for a period of two years from the date of registration, after
- (2) 'n Junior lener mag aansoek doen om registrasie as 'n volwasse lener sodra hy die ouderdom van sestien jaar bereik het.
- (3) Iemand wat aansoek doen om registrasie as tydelike lener mag as sodanig geregistreer word mits hy -
- (a) onderneem om hierdie regulasies na te kom; en
- (b) by die biblioteekbeampte 'n bedrag van drie rand deponeer wat aan hom terugbetaal sal word by die terugbesorging van biblioteekmateriaal wat aan hom geleen is, op voorwaarde dat hy uitstaande boetes of vergoeding ten opsigte van beskadigde biblioteekmateriaal (indien daar was) wat ingevolge hierdie regulasies deur hom betaalbaar was, betaal het.
- (4) Iemand wat aansoek doen om registrasie as buitelener mag as sodanig geregistreer word mits hy -
- (a) onderneem om hierdie regulasies na te kom; en
- (b) by die biblioteekbeampte 'n eenmalige registrasiegeld van twee rand betaal, wat nie terugbetaalbaar is nie.
- (5) Nadat die biblioteekbeampte die ingevulde aansoekvorm om registrasie gekontroleer het en bevind het dat dit korrek en volledig ingevul is, moet hy die applikant as lener registreer: Met dien verstande dat die biblioteekbeampte 'n persoon met 'n vorige oortreding van hierdie regulasies slegs met die goedkeuring van die stadsclerk van daardie munisipaliteit aldus mag registreer.
- (6) Behoudens die bepalings van subregulasies (3) en (4), geskied alle registrasies kosteloos.
- (7) Wanneer hy iemand as lener registreer, moet die biblioteekbeampte aan sodanige lener drie lenerskaarte in die vorm uiteengesit in Bylae 4, twee vir verhalende lektuur en een vir vakliteratuur, uitreik, elk waarvan as 'n bewys sal dien dat die lener gemagtig is om 'n item biblioteekmateriaal ooreenkomstig die bepalings van hierdie regulasies te leen: Met dien verstande dat die biblioteekbeampte aan 'n junior lener slegs twee lenerskaarte, vir of verhalende of vakliteratuur of albei, uitreik.
- (8) (a) Elke registrasie as lener bly behoudens die bepalings van paragraaf (b) en subregulasie (9) geldig vir 'n tydperk van twee jaar vanaf die datum van registrasie, waarna registrasie

which the registration of such borrower shall lapse, unless it is renewed on application by the borrower.

- (b) Every registration as a temporary borrower shall remain valid for a period of three months.
- (9) For the renewal of registration of the borrower concerned under subregulation 8(a) -
- (a) the library officer shall notify the borrower concerned in writing that he has to renew his registration within a month after the date of notice; in default of which his registration as borrower shall lapse;
- (b) the library officer shall cancel a borrower's registration as borrower if he fails to renew registration within a month after the date of the notice; and
- (c) the library officer shall, if necessary, note any change of address of every borrower applying for the renewal of his registration and shall either indicate renewal by means of a stamp in the form of a star on the registration and borrower's cards of the borrower concerned or shall replace the cards where necessary, subject to the provisions in respect of borrower's cards in regulation 2(7) of these regulations.
- (10) A borrower who changes his postal or residential address, shall notify the library officer in writing of this fact within fourteen days after such change of address.
- (11) If a borrower loses his borrower's card, he shall immediately notify the library officer thereof and the library officer shall issue a duplicate borrower's card after two weeks on payment of twenty cents.
- (12) A borrower shall be liable for library material issued, before notice has been given of the loss of his borrower's card, against such borrower's card.
- (13) If the lost borrower's card is found again after its loss has been reported, the borrower shall immediately return the duplicate borrower's card to the library officer.
- (14) On return of the duplicate borrower's card the twenty cents paid for such duplicate shall not be repaid to the borrower.
- (15) If a borrower wishes to cancel his registration or is no longer registered or entitled to

van die betrokke lener verval, tensy dit op aansoek van die lener hernieu word;

- (b) Elke registrasie as 'n tydelike lener bly geldig vir 'n tydperk van drie maande.
- (9) Vir die hernuwing van registrasie van die betrokke lener ingevolge subregulasie 8(a) -
- (a) stel die biblioteekbeampte die betrokke lener skriftelik in kennis dat hy binne 'n maand na die datum van kennisgewing registrasie moet hernieu, by gebreke waarvan sy registrasie as lener sal verval;
- (b) trek die biblioteekbeampte 'n lener se registrasie as lener in indien hy versuim om binne 'n maand na die datum van kennisgewing registrasie te hernieu; en
- (c) teken die biblioteekbeampte vir elke lener wat aanmeld vir hernuwing van registrasie adresverandering aan, indien nodig, en dui of hernuwing met 'n sterstempel op die registrasie- en lenerskaarte van die betrokke lener aan of vervang die kaarte waar nodig, behoudens die bepalings ten opsigte van lenerskaarte in regulasie (2)(7) van hierdie regulasies.
- (10) 'n Lener wat van pos- of woonadres verander moet die biblioteekbeampte binne veertien dae nadat so 'n verandering plaasgevind het, skriftelik daarvan in kennis stel.
- (11) Indien 'n lener sy lenerskaart verloor, moet hy die biblioteekbeampte onverwyld daarvan in kennis stel en die biblioteekbeampte reik na twee weke en by betaling van twintig sent 'n duplikaat lenerskaart uit.
- (12) 'n Lener is aanspreeklik vir biblioteekmateriaal wat voor kennisgewing van die verlies van sy lenerskaart teen sodanige lenerskaart uitgereik is.
- (13) Indien die vermiste lenerskaart na aanmelding van die verlies daarvan teruggevind word, moet die lener onverwyld die duplikaat lenerskaart aan die biblioteekbeampte terugbesorg.
- (14) By terugbesorging van die duplikaatlenerskaart word die twintig sent wat vir sodanige duplikaatlenerskaart betaal is nie aan die lener terugbetaal nie.
- (15) Indien 'n lener sy registrasie wil beëindig of nie langer ingevolge die bepalings van hierdie

registration under the provisions of these regulations, he shall immediately return his borrower's cards to the library officer, whereupon the library officer shall cancel his registration as borrower: Provided that if such borrower fails so to return his borrower's cards the library officer may also cancel his registration as borrower.

### LENDING AND RETURN OF LIBRARY MATERIAL

3. (1) An item of library material shall be issued only against a borrower's card which shall be kept in the library as proof that the item has been issued.
- (2) An item of library material shall be deemed to have been borrowed from the library by the borrower against whose borrower's card it was issued, unless he has reported the loss of his borrower's card under regulation 2(11) before the item of library material concerned was issued against his borrower's card.
- (3) Library material which bears the mark of the Service or the library, shall at all times remain the property of the Service or the library and shall not be in the possession of any person unless there is on it an official indication that it has been borrowed, withdrawn, written off or sold from the stocks of the library or the Service.
- (4) A borrower may borrow not more than the following number of items of library material at one time:
  - (a) Books and other publications: in the case of an adult borrower three items of which at least one shall be non-fiction, and in the case of a junior borrower two items, either fiction or non-fiction or one of each;
  - (b) other library material: two items of each kind.
- (5) A borrower may borrow library material for a loan period of not more than fourteen days: Provided that art prints may be borrowed for a loan period of not more than two months: Provided further that the library officer may grant extension of such loan period for any item of library material for not more than two further such loan periods if the borrower applies therefor in each case in writing, telephonically or personally before or on the due date and the items have not already been requested by another borrower.
- (6) If the loan period granted is exceeded the library officer shall send reminders in the form set out in

regulasies as lener geregistreer is of op registrasie as lener geregtig is nie, moet hy sy lenerskaarte onverwyld aan die biblioteekbeampte terugbesorg, waarop die biblioteekbeampte sy registrasie as lener intrek: Met dien verstande dat indien so 'n lener versuim om sy lenerskaarte aldus terug te besorg die biblioteekbeampte ook sy registrasie as lener kan intrek.

### UITLEEN EN TERUGBESORGING VAN BIBLIOTEK MATERIAAL

3. (1) 'n Item biblioteekmateriaal mag alleenlik uitgereik word teen 'n lenerskaart wat in die biblioteek gehou word as bewys daarvan dat die item uitgereik is.
- (2) 'n Item biblioteekmateriaal word geag uit die biblioteek geleen te wees deur die lener teen wie se lenerskaart dit uitgereik is, tensy hy ingevolge regulasie 2(11) die verlies van sy lenerskaart aangemeld het voordat die betrokke item biblioteekmateriaal teen sy lenerskaart uitgereik is.
- (3) Biblioteekmateriaal wat die merk van die Diens of die biblioteek dra, bly te alle tye die eiendom van die Diens of die biblioteek en mag nie in die besit van enige persoon wees nie tensy dit 'n amptelike aanduiding het dat dit uit die biblioteek of die Diens se voorraad geleen, onttrek, afgeskryf of verkoop is.
- (4) 'n Lener mag hoogstens die volgende getal items biblioteekmateriaal gelyktydig geleen hê -
  - (a) Boeke en ander publikasies: in die geval van 'n volwasse lener drie items waarvan minstens een vakliteratuur moet wees en in die geval van 'n junior lener twee items, of verhalende of vakliteratuur of een van elk.
  - (b) Ander biblioteekmateriaal; twee items per soort.
- (5) 'n Lener mag biblioteekmateriaal vir 'n leentydperk van hoogstens veertien dae leen: Met dien verstande dat kunsafdrukke vir 'n leentydperk van hoogstens twee maande geleen mag word: Met dien verstande voorts dat die biblioteekbeampte verlenging van sodanige leentydperk vir enige item biblioteekmateriaal vir hoogstens twee verdere sodanige leentydperke kan toestaan indien die lener voor of op die vervaldatum in elke geval skriftelik, telefonies of persoonlik daarom aansoek doen en die items nie reeds deur 'n ander lener aangevra is nie.
- (6) By oorskryding van die toegestane leentydperk sal die biblioteekbeampte aanmanings in die

Schedule 5 and 6 and according to the procedure set out in Schedule 6 to the borrower.

- (7) If a borrower does not return items of library material within the loan period determined by subregulation (5) or any extension thereof, the library officer shall, on return of the material levy a fine of ten cents per item per week or part of a week by which the loan period granted was exceeded: Provided that any accumulated fine per item shall not exceed two rand.
- (8) If a borrower fails to return an item of library material within a period of six weeks after the last due date determined by subregulation (5) or to pay a fine imposed under subregulation (7) within a period of four weeks after its imposition, no further library material shall be issued to him and the library officer may cancel his registration as borrower in terms of the provisions of regulation 10.
- (9) A junior borrower shall not, without the permission of the library officer, borrow library material from the adult section of the library or go to or remain in such section.
- (10) A borrower shall not exchange an item of library material on the same day on which he has borrowed it for another item.

#### LOST OR DAMAGED LIBRARY MATERIAL

4. (1) Library material shall be deemed to have been lost if -
- (a) it has been reported as lost by a borrower;
- (b) a borrower, after expiry of six weeks after the last due date determined under regulation 3(5), has not returned such material.
- (2) Library material shall be deemed to be damaged if -
- (a) it is soiled, written or scrawled upon or in any way disfigured;
- (b) it has been damaged by the tearing out or removal of parts thereof or by elements of nature, for instance, water, fire or the sun.
- (3) A borrower shall report to the library officer any damage of an item of library material observed

vorm uiteengesit in Bylaes 5 en 6 en volgens die prosedure uiteengesit in Bylae 6 aan die lener stuur.

- (7) Indien 'n lener items biblioteekmateriaal nie binne die by subregulasie (5) bepaalde leentydperk of enige verlenging daarvan terugbesorg nie, moet die biblioteekbeampte by terugbesorging van die materiaal 'n boete van tien sent per week of gedeelte van 'n week wat die toegestane leentydperk oorskry is per item hef: Met dien verstande dat die geakkumuleerde boete per item nie twee rand mag oorskry nie.
- (8) Indien 'n lener versuim om 'n item biblioteekmateriaal binne 'n tydperk van ses weke na die laaste vervaldatum bepaal ingevolge subregulasie (5) terug te besorg of om 'n boete ingevolge subregulasie (7) opgelê binne 'n tydperk van vier weke na die oplegging daarvan te betaal, word geen verdere biblioteekmateriaal aan hom uitgereik nie en mag die biblioteekbeampte sy registrasie as lener ooreenkomstig die bepalings van regulasie 10 intrek.
- (9) 'n Junior lener mag nie sonder die toestemming van die biblioteekbeampte biblioteekmateriaal uit die afdeling vir volwassenes van die biblioteek leen nie of in sodanige afdeling gaan of vertoef nie.
- (10) 'n Lener mag nie 'n item biblioteekmateriaal op dieselfde dag waarop hy dit geleen het vir 'n ander item omruil nie.

#### VERLORE OF BESKADIGDE BIBLIOTEKMATERIAAL

4. (1) Biblioteekmateriaal word geag verlore te wees indien -
- (a) dit deur 'n lener as verlore aangemeld word;
- (b) 'n lener sodanige materiaal na die verloop van ses weke na die laaste vervaldatum bepaal ingevolge regulasie 3(5) nog nie aan die biblioteek terugbesorg het nie.
- (2) Biblioteekmateriaal word geag beskadig te wees indien -
- (a) dit vuil gesmeer, beskryf of bekrap of op enige wyse ontsier is;
- (b) dit beskadig is deur die skeur of verwydering van gedeeltes daarvan of deur elemente van die natuur, byvoorbeeld water, vuur of son.
- (3) 'n Lener moet die beskadiging van 'n item biblioteekmateriaal wat by uitreiking van sodanige



by him at the issue thereof immediately, or if observed by him after issue thereof on its return.

- (4) A borrower or, in the case of a junior borrower, his parent or guardian, shall be liable for the loss of or damage to, otherwise than through reasonable wear and tear, any library material while issued to such borrower and shall pay, as compensation for such loss or damage, the price thereof as ascertained by the library officer in the accession register of the library or with the aid of the Service in a recognised bibliography, plus 20 % of the price.
- (5) If a borrower or the parent or guardian of a junior borrower fails to pay any compensation in respect of loss or damage of library material which is deemed to have been lost or damaged under subregulation (1)(a) or (2) and for which such borrower, parent or guardian is liable under subregulation (4), within two weeks after the library officer has furnished the amount of the compensation -
- (a) no further library material shall be issued to the borrower;
- (b) the library officer shall furnish the borrower's surname, full Christian names and address -
- (i) to the municipality for the taking of legal steps; and
- (ii) to the Head of the Service;
- (c) the library officer may cancel the borrower's registration as borrower under regulation 10.
- (6) If the borrower, or the parent or guardian of a junior borrower, fails to pay any compensation in respect of library material which is deemed to have been lost under subregulation (1)(b) and for which such borrower is liable under subregulation (4), within two weeks after the final reminder according to the procedure and in the form as set out under Schedule 6 and in which the library officer furnishes the amount of the compensation, and which serves as a warning that no further library material will be issued to such borrower, has been sent to such borrower, parent or guardian -
- (a) no further library material shall be issued to the borrower;
- (b) the library officer shall furnish the borrower's surname, full Christian names and address -

item aan hom waarneembaar is, onmiddellik, en dit wat ná uitreiking opgemerk word, by terugbesorging daarvan, by die biblioteekbeampte aanmend.

- (4) 'n Lener, of sy ouer of voog in die geval van 'n junior lener, is aanspreeklik vir die verlies of beskadiging, op 'n ander wyse as deur redelike slytasie, van enige biblioteekmateriaal terwyl dit aan sodanige lener uitgereik is en moet as vergoeding vir sodanige verlies of beskadiging betaal die prys daarvan soos deur die biblioteekbeampte nagespoor in die aanwinstregister van die biblioteek of met behulp van die Diens in 'n erkende bibliografie, plus 20 % van die prys.
- (5) Indien 'n lener, of die ouer of voog van 'n junior lener, in gebreke bly om enige vergoeding ten opsigte van verlies of beskadiging van biblioteekmateriaal wat ingevolge subregulasie (1)(a) of (2) geag word verlore of beskadig te wees en waarvoor sodanige lener, ouer of voog ingevolge subregulasie (4) aanspreeklik is, binne twee weke nadat die biblioteekbeampte die vergoedingsbedrag verstrek het, te betaal -
- (a) word geen verdere biblioteekmateriaal aan die lener uitgereik nie;
- (b) moet die biblioteekbeampte die lener se van, volle voorname en adres -
- (i) aan die munisipaliteit voorsien vir die doen van geregtelike stappe; en
- (ii) aan die Hoof van die Diens voorsien.
- (c) kan die biblioteekbeampte die lener se registrasie as lener intrek ingevolge regulasie 10.
- (6) Indien 'n lener, of die ouer of voog van 'n junior lener, in gebreke bly om enige vergoeding ten opsigte van biblioteekmateriaal wat ingevolge subregulasie (1)(b) geag word verlore te wees en waarvoor sodanige lener ingevolge subregulasie (4) aanspreeklik is, binne twee weke nadat die finale aanmaning volgens die prosedure en vorm soos uiteengesit onder Bylae 6 en waarin die biblioteekbeampte die vergoedingsbedrag verstrek, en wat as waarskuwing dien dat geen verdere biblioteekmateriaal aan sodanige lener uitgereik sal word nie, aan sodanige lener, ouer of voog gestuur is, te betaal -
- (a) word geen verdere biblioteekmateriaal aan die lener uitgereik nie;
- (b) moet die biblioteekbeampte die lener se van, volle voorname en adres -

- (i) to the municipality for the taking of legal steps; and
  - (ii) to the Head of the Service;
  - (c) the library officer may cancel the borrower's registration as borrower under regulation 10.
- (7) Library material which after six months after the last due date cannot be collected from a borrower, shall be written off.
  - (8) Lost or damaged material borrowed from the library, remains the property of the library or the Service, as the case may be, although compensation has been paid in respect thereof.
  - (9) Damaged library material shall be placed on a stack for such material and shall not be lent out.

#### RESERVATION AND RECOMMENDATION OF AND REQUESTS FOR LIBRARY MATERIAL

5. (1) A borrower may, by filling in the appropriate parts of the necessary reservations cards, reserve at most three items of library material at one time for issue to him: Provided that no item shall be kept for him for longer than the period mentioned in a notice sent to him by the library officer when such item is available.
- (2) If the same item of library material is reserved by more than one borrower, it shall be issued in the sequence in which the reservations were made.
- (3) A reservation fee of ten cents shall be levied in respect of every item of library material reserved.
- (4) If any particular item of library material is not in stock in the library and is required by a borrower, such borrower may, by filling in a request card, either request that the library officer obtains such item of library material through an inter-library loan and make it available to him, or recommend that such item of library material be purchased for the library.

#### EXPOSURE OF LIBRARY MATERIAL TO INFECTIOUS DISEASES

6. (1) No person suffering from an infectious or contagious disease which has to be reported under any law, may handle or borrow any library material and no person shall allow any other person suffering from any such disease to handle any library material in his possession.

- (i) aan die munisipaliteit voorsien vir die doen van geregtelike stappe; en
- (ii) aan die Hoof van die Diens voorsien.
- (c) kan die biblioteekbeampte die lener se registrasie as lener intrek ingevolge regulasie 10.

- (7) Biblioteekmateriaal wat na ses maande na die laaste vervaldatum nie van 'n lener teruggevorder kan word nie, word afgeskryf.
- (8) Verlore of beskadigde materiaal wat van die biblioteek geleen is, bly die eiendom van die biblioteek of die Diens, na gelang, al is vergoeding ten opsigte daarvan betaal.
- (9) Beskadigde biblioteekmateriaal word op 'n rak vir sodanige materiaal geplaas en word nie uitgeleen nie.

#### RESERVERING EN AANBEVELING VAN EN VERSOEKE OM BIBLIOTEKMATERIAAL

5. (1) 'n Lener kan deur voltooiing van die toepaslike gedeeltes van die nodige reserveringskaarte hoogstens drie items biblioteekmateriaal gelyktydig vir uitreiking aan hom reserveer: Met dien verstande dat geen item langer vir hom gehou sal word as die tydperk vermeld in 'n kennisgewing wat deur die biblioteekbeampte aan hom gestuur word wanneer sodanige item beskikbaar is nie.
- (2) Indien dieselfde item biblioteekmateriaal deur meer as een lener gereserveer is, sal dit in die volgorde waarin die reservering gedoen is, uitgereik word.
- (3) Reserveringsgeld van tien sent word gehef ten opsigte van elke item biblioteekmateriaal wat gereserveer word.
- (4) Indien 'n bepaalde item biblioteekmateriaal nie in die voorraad van die biblioteek opgeneem is nie en deur 'n lener benodig word, kan sodanige lener deur die invul van 'n aanvraagkaart of versoek dat die biblioteekbeampte sodanige item biblioteekmateriaal deur 'n interbiblioteeklening verkry en aan hom beskikbaar stel of aanbeveel dat sodanige item biblioteekmateriaal vir die biblioteek aangekoop word.

#### BLOOTSTELLING VAN BIBLIOTEK-MATERIAAL AAN AANSTEEKLIKE SIEKTES

6. (1) Niemand wat aan 'n aansteeklike of besmetlike siekte ly wat ingevolge enige wet aangemeld moet word, mag enige biblioteekmateriaal hanteer of leen nie en niemand mag toelaat dat enige biblioteekmateriaal in sy besit deur 'n persoon wat aan sodanige siekte ly, gehanteer word nie.

- (2) Any person who has library material in his possession which during the loan period has been exposed to the danger of contagion by a person suffering from any disease referred to in subregulation (1), shall on returning such material inform the library officer thereof.

## GENERAL

- (1) Library material housed in those parts of the library building reserved for reference and reading purposes, shall be used only in such parts: Provided that the library officer may, in exceptional cases grant permission for such library material to be removed to another section of, or out of the library building.
- (2) The library officer shall provide a notice in which the days and times when the library or any part thereof is open to the public, or only to adult borrowers or only to junior borrowers, are set out, in a conspicuous place at or near the entrance to the library.
- (3) The library officer shall display a copy of these regulations in a conspicuous place in the library building and draw the attention of any person being registered as a borrower to it.
- (4) Any amount which, under these regulations, is deposited at the library and is not claimed within three months after notice thereof has been given in the public press, shall be forfeited and paid into the municipal library fund.

## OFFENCES

No person shall -

- (1) Smoke in parts of the library building open to the public;
- (2) conduct in the library building a discussion which may disturb others or take part therein, or read aloud, sing or whistle in such a way as may disturb other persons present in the library building;
- (3) hinder, obstruct, disturb or in any way molest any other person in lawful use of the library;
- (4) refuse or fail to make any library material or equipment available to any other borrower within a reasonable period after he has been asked to do so by the library officer;
- (5) while he makes use of the library, refuse or fail to comply with any lawful request by the library officer;

